

Wetgewing moet habitatte beskerm

Grond wat nog nooit bewerk is nie, huisves dikwels die laaste oorblywende dele van skaars en bedreigde ekologiese prosesse en habitatte. Daarom het Suid-Afrika wetgewing wat dit verbied om grond wat nog nooit of vir tien jaar of langer nie bewerk is nie, te bewerk.

Feitlik alle grond met goeie potensiaal vir landbouproduksie in die meeste dele van Suid-Afrika word reeds bewerk, en die grond wat nog nooit bewerk is nie, is gewoonlik te kliperig, te steil of te nat om bewerk te word.

Die meeste boere se inkomste is egter onder druk en boere is genoodsaak om vindingryke plannete maak. Sommige wend hulle tot desperate pogings en probeer hul bedrywighede uitbrei deur grond wat nog nooit bewerk is nie, te begin bewerk, ongeag hoe marginaal die oorblywende habitatte vanuit 'n boerderyperspektief is.

Suid-Afrikaanse wetgewing wat die versteuring van grond wat nog nooit bewerk is nie, beheer, is die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Nema) en die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (Cara). Al twee

Die wette help om die uitbuiting van die landskap te voorkom.

maak dit duidelik dat dit onwettig is om grond wat nog nooit bewerk is, of die afgelope tien jaar nie bewerk is nie, sonder die nodige permissie bewerk.

Baie grondeienaars voel sterk te na gekom deur hierdie wette, aangesien dit aan hulle voorsé wat hulle met hul eie grond mag doen. Dit sal dalk verander as grondeienaars hulself begin sien



Daar is Suid-Afrikaanse wetgewing wat help verseker dat die landskap nie uitgebuit word nie.

as tydelike bewaarders van die grond pleks van die alleeneienaars daarvan. Dit word goed opgesom deur die aanhaling van 'n onbekende skrywer, naamlik dat grond behoort aan 'n familie wat oneindig groot is, van wie baie al dood is, 'n paar lewe en 'n ontelbare getal noggebore moet word.

Die ander probleem met die vestiging van wette wat op die oog af onredelike voorwaardes aan mense stel, is dat dit selde met 'n verduidelikingsgepaardgaan oor hoekom die wette noodsaaklik is. Hierdie artikel is daarop gemik om mense te begin oortuig van die toepaslikheid en die belangrikheid van hierdie wette. Die feit dat die beskerming van onbewerkte grond, erosiebeheer en veldinstandhouding nie

net aandagskenk aan "groen" of omgewingskwessies nie, maar ook aan "bruin" landboukwessies, spreek vanuit 'n landbouperspektief alleen boekdele oor die belangrikheid om hierdie grond ongerepte hou.

Die wette is daar om die uitbuiting van die landskap te voorkom, wat andersins min korttermyn en feitlik geen langtermynvoordele vir die landbou of die voortbestaan van natuurlike prosesse sal inhoud nie. 'n Grondeenaar wat al vir jare by dierensterveldbewaringsprojek betrokke is, se houding teenoor die veld het verander omdat hy nou insien dat "dit wat voorheen waardeloos was, nou voorkeur geniet en status verkry".

'n Beter begrip en verhoogde

waardering vir die natuurlike hulpbronne tot sy beskikking het 'n algehele ommakeer in sy houding veroorsaak. Dit is noodsaaklik dat meer grondeienaars besit van hierdie stelsels sal neem en trots daarop sal wees. Verder moet hulle ook die gepaardgaande bestuursverantwoordelikhede aan die daglê om te verseker dat dié stelsels voortgaan om aslewende landskappe te funksioneer sodat almal tot in die ewigheid daarby kan baat vind.

Wat die wette sê

Kragtens Nema moet 'n omgewingsimpakberaming eers gedoen en 'n omgewingsmagting gekry word voordat enige gelyste ontwikkelingsaktiwiteite onderneem kan word. Die gelyste aktiwiteit, wat hier verwys na die bewerking van onbewerkte grond, word gedefinieer as "die transformasie of verwydering van inheemse plantegroei van 3 hektaar of meer of van enige grootte waar die transformasie of verwydering binne 'n hoogs bedreigde of bedreigde ekosysteem is," soos gelys ingevolge Artikel 52 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit (Wet 10 van 2004).

Dit behels ook:

- Die transformasie of verwydering van inheemse plantegroei op grond wat meer as 10 jaar gelede getransformeerd is;
- Enige gefaseerde transformasie of verwydering van inheemse plantegroei;
- Die verwydering of transformasie van inheemse plantegroei met bv. 'n stootskrapser of bossiekapper om brandpaai te skep; en
- Die verwydering of transformasie van inheemse plantegroei om paai of grondpaai te skep.

Cara verbied ook enige bewerking van onbewerkte grond. Dit beskryf bewerking as enige optrede waardeur die bogrond meganies versteur word, en onbewerkte grond as "grond wat nooit gedurende die voorafgaande tien

jaar bewerk is nie".

Regulasie 2 van Cara lui dat "sonder skriftelike toestemming, mag geen gebruiker enige onbewerkte grond bewerk nie". Regulasie 3 lui dat "sonder skriftelike toestemming, mag geen grondgebruiker enige grond met 'n helling van meer as 12% bewerk nie". Regulasies 4 en 5 lui dat "elke grondgebruiker bewerkte grond doeltreffend teen water- en winderosie moet beskerm", terwyl regulasie 9 verklaar dat "elke grondgebruiker die veld op sy plaas doeltreffend teen agteruitgang en vernietiging moet beskerm".

Oortreding van hierdie wette kan deur die onderskeie gesagsliggame opgevolg word deur hul wetlike prosesse en kan, indien nodig, in die hof beland. Die Departement van Landbou, Bosbou

Bewaringsagent-skappe mag kundige raad gee waar nodig.

en Vissery is die gesagsliggaam verantwoordelik om Cara in werking te stel, terwyl die Departement van Omgewingsake verantwoordelik is vir die inwerkingstelling van Nema.

Beweys van onwettige bewerking word versamel deur die bewerkte terreine te karteer en hierdie kaarte te vergelyk met 'n reeks lugfoto's wat van die hele land beskikbaar is. 'n Grondeienaar kan dus nie valslik beweer dat die grond voorheen geploej is nie – hierdie inligting kan alles teen bestaande en oukaarte bevestig word.

Kaapse Natuurbewaring en ander bewaringsagentskappe is nie verplig om hierdie twee wette af te dwing nie. Kenners van hierdie agentskappe mag egter kundige raad gee wanneer dit vereis of verlang word. **LB**

Me. Odette Curtis is die bestuurder van die Renosterveld-bestuursprojek in die Overberg.